# Meisies wat Grootgeword het om die Wêreld te Verander

THINK
DIGITAL ACADEMY




Maryam Mirzakhani



Mata Hari

# Maryam Mirzakhani

## Wiskundige




***"Die skoonheid van Wiskunde wys hom net aan meer geduldige volgelinge."***



Maryam het nooit in wiskunde belang gestel nie tot die dag toe haar broer haar van 'n koel probleem vertel het: “Hoe tel jy al die getalle van 1 tot 100 bymekaar?”





Hy het verduidelik dat daar twee maniere is om die antwoord te kry: 'n lang en vervelige een, en 'n kort en pragtige een wat 'n wiskundige genaamd Carl Friedrich Gauss ontdek het toe hy nog op laerskool was.

Gauss het al die getalle geneem en dit in pare bymekaargetel – die eerste en die laaste, die tweede en die tweede laaste, ensovoorts. Hy het opgemerk dat 1 + 100 = 101, 2 + 99 = 101, 3 + 98 = 101, ens. so hy het tot die gevolgtrekking gekom dat die totaal vyftig lotte van 101 sou wees, wat 5050 is. Maklik!



1 + 2 + 3 + 4 + . . .

100 + 99 + 98 + 97 + . . .

101 + 101 + 101 + 101 + . . .

Maryam was verslaaf.

Op hoërskool het sy aan die Internasionale Wiskundige Olimpiade deelgeneem en 'n goue medalje in twee opeenvolgende jare verower.





Sy het begin belangstel in die meetkunde van komplekse oppervlaktes.

“Almal weet dat die kortste pad tussen twee punte op ’n plat oppervlak is’n reguit lyn, maar wat van wanneer die oppervlak geboë is, soos in ’n donut of ’n teepot?” het sy gevra.



Maryam het vreugde gevind om eenvoudige, elegante oplossings vir hierdie ingewikkelde probleme te ontdek.


***"Hoe meer tyd ek aan wiskunde spandeer, hoe meer opgewonde raak ek!"***

Eendag lui haar foon. “Jy het die Fields-medalje gewen,” sê 'n stem aan die ander kant van die lyn. Maryam het die foon neergesit en gedink dit was 'n grap.



Maar dit was nie! Sy was die eerste Iraniër en die eerste vrou in die geskiedenis - wat die wêreld se mees gesogte toekenning vir wiskunde gewen het.






# Mata Hari

## Spioen

*“Ek was nie tevrede by die huis nie, ek wou soos 'n kleurvolle skoenlapper in die son leef.”*



Eens op 'n tyd het 'n jong vrou met die naam Margaretha 'n advertensie in 'n koerant gesien. Dit het gesê: “Gesoek: bruid.”



Sy het die advertensie beantwoord, met 'n militêre kaptein getrou wat in Nederlandse Oos Indië gebaseer was, en na Indonesië verhuis.



Daar het sy die plaaslike tradisies bestudeer en by 'n dans maatskappy aangesluit.




Maar sy was ongelukkig in haar huwelik en toe dit eindig, het Margaretha na Parys verhuis.






Op daardie tydstip, was enigiets van "die eksotiese ooste" baie modieus, so sy het haar voorgegee as 'n Hindoe tempel danser. Sy het haarself in sluiers gedrapeer en selfs vir haarself 'n verhoognaam gegee: Mata Hari, wat "oog van die dag" beteken in die Maleise taal.




Sy het met grasie van 'n wilde dier gedans. Sy het skrapse kostuums gedra, 'n bra met juwele en velkleurige lyfkouse. Sy het onmiddellik 'n treffer geword!



Toe Mata Hari veertig was, het sy verlief geraak op 'n jong Russiese weermagkaptein wat 'n oog op 'n Eerste Wêreldoorlog slagveld verloor het. Om hom te ondersteun, het sy 'n nuwe werk nodig gehad, en daarom het sy 'n spioen vir Frankryk geword.




Sy het per trein en per
boot deur Europa gereis.
Sy het baie keer haar hare
gekleur en haar haarstyl
verander en 'n meester
van vermomming geword.





Sy het uitgevind van Duitse duikbote langs die kus van Marokko en die inligting teruggestuur Frankryk toe in briewe wat met onsigbare ink geskryf was.



Maar die Franse het verkeerdelik vermoed dat sy ook vir die Duitsers spioeneer, en hulle het haar as 'n dubbelagent gearresteer.

Sy is ter dood veroordeel. Terwyl sy voor die vuurpeleton gestaan het, het sy vir die soldate 'n soen geblaas.





Mata Hari het gesterf soos sy geleef het: vreesloos en vry.

THINK

DIGITAL ACADEMY

